Geagte Ouer/s

Op die ouervergadering, gehou Maandag 9 November 2020, is die begroting vir 2021 eenparig deur die ouers teenwoordig aanvaar en goedgekeur.
Skoolgeld vir die jaar **2021** is vasgestel op **R 18 700.00 per jaar per leerder en moet maandeliks betaal word oor 11 (elf) maande vanaf Januarie 2021 tot November 2021 @ R1700-00pm** (opsioneel oor 10 (tien maande = R1870.00 pm)

1. (Uittreksel van Suid Afrikaanse Skole Wet 84 van 1996)

"'n ouer (**al 2 biologiese ouers**) is verantwoordelik vir die betaling van skoolgelde soos bepaal in terme van paragraaf 39, behalwe as hy of sy vrystelling het van betalings in terme van die wet.
Die Beheerliggaam van 'n publieke skool mag, deur middel van wetgewing, betaling van skoolgelde vereis van ouers wat verantwoordelik is om te betaal in terme van paragraaf 39"

2. SKOOLGELD BETALING: Skoolgeld is stiptelik ***betaalbaar per maand***
vanaf *Januarie tot November 2021* d.w.s in **11 paaiemente.**
Skoolgeld bedrag R 18 700.00 ÷ 11 maande = R1700-00 per maand per leerder.
Sou 'n ouer nie stiptelik skoolgeld maandeliks betaal nie en raak dan agter, tree die versnellingsklousule in werking en kan die volle bedrag opgeëis word in die vorm van 'n finale aanmaning.

3. AFSLAG: R500 vir vol betaling van Skoolgeld voor of op 28 Februarie 2021

4. REëLINGS: ***geskied nie vanselfsprekend*** soos in 2020 nie.
Ouers wat wil **reëlings** tref vir 2021, moet dit asseblief **skriftelik** uiteensit en rig aan mev Strydom.
U kan dit e-pos: **debiteure@pnhs.co.za**, of per **hand** stuur saam met die leerder asb.

5. DEBIETORDERS: Debietordervorms is beskikbaar by die kantoor. U paaiement sal dienooreenkomstig bereken word. Bestaande debietorders gaan voort vanaf 1 Januarie 2021 tensy anders gereël.
Nuwe debietorders - *tree in werking vanaf 1 Februarie 2021 tot 1 November 2021.*

6. METODES VAN BETALING:

- Kontant of per tjek of Debietorder maandelikse paaiement.
- Debietkaart of Kredietkaart (ook begrotingsrekening).
- Internet of bankdeposito (Faks, e-pos of stuur betalingsbewyse aan skool).

7. VRYSTELLINGS 2021:
Albei (biologiese) ouers moet die vorm voltooi, al is hulle geskei, ongetroud of vervreemd
Nuwe GDO *vorms moet ingevul word vir 2021* *en ouers moet daarop let dat VRYSTELLING*
vir 2020 nie ***outomaties oorgaan*** *na die volgende jaar nie. Ouers moet asseblief die vrystellings*
vorm afhaal by ***mev Strydom*** *en* ***daarvoor teken*** *in die* ***register****.*

Alle vorms moet ingehandig wees BY Mev Strydom voor of op 31 Maart 2021
vir Administratiewe doeleindes.

8. **ABSA BANKBESONDERHEDE**

Hoërskool Pretoria-Noord **Tjek rek. nr:** 0606 500 12 **Takkode:** 632 005

Verw nr: Gebruik die rekeningno. (dit is die 3 alfabetiese letters) of indien'n nuwe leerder, gebruik die naam en van. Nuwe leerders se rekening nommers word later toegeken op u staat.

Stuur asb. bewys van betaling na: **epos:** debiteure@pnhs.co.za **- vir Aandag: Mev Strydom**